

Die laaste oordeel (OP22)

Openbaring 20:11-15

13 Desember 2020

Vandag kyk ons vir 'n laaste keer na Op 20. Ons het reeds gesien dat die duiwel vir 'n 1000 jaar gebind is tydens Jesus se eerste koms. Sedertdien is hy slegs in staat om te doen waartoe Jesus hom toelaat. Ook gedurende hierdie 1000 jaar sterf mense, ook gelowiges. Wanneer gelowiges sterf, gaan sit hulle siele in die hemel op trone. Daar regeer hulle saam met Christus vir die 1000 jaar, en boonop is hulle ook priesters vir God en vir Christus. Na die 1000 jaar verby is, d.w.s. kort voor Jesus se wederkoms, word die duiwel vir 'n kort rukkie losgelaat. Hy bring dan al die heidennasies van regoor die wêreld bymekaar vir die oorlog teen God en Sy gelowige kinders. Maar dan kom daar vuur uit die hemel wat hulle verteer, en die duiwel self word in die poel van vuur en swael gegooi. En nou volg die finale oordeel.

1. Wie is die Een wat oordeel? (vers 11)

Volgens vers 11 het Johannes 'n wit troon gesien en die Een wat daarop sit. In die eerste plek moet ons onthou dat wit dui op heiligheid. In Op 1:14 word die Seun van die Mens beskryf as die Een met hare so wit soos wol; in Op 14:4 sit die Seun van die Mens op 'n wit wolk; en in Op 19:11 is Hy die Ruiters op die wit perd. Dink verder aan die talle kere wat ons gelees het van die gelowiges wat na hulle afsterwe in die hemel bymekaar kom, en dan dra hulle wit klere.

Die vraag is nou wie is die Een wat op die wit troon sit? Is dit God of Jesus? In Openbaring is dit gewoonlik God wat op die troon sit. Dink hier maar aan daardie heerlike troonvisioen van Op 4 waar God die Een is wat op die troon sit, of kyk maar net na Op 19:4 waar vir ons beskryf word dat God die Een is wat op die troon sit. Maar ons moet ook onthou hoe Openbaring die Lam vir ons beskryf. In Op 5:6 (NAV) lees ons dat die Lam voor die troon staan – maar letterlik staan daar Hy was in die middel van die troon (kyk OAV). Hy word in Op 7:17 ook beskryf as die Een wat in die middel van die troon is.

Wat leer die res van die Skrif hieroor? Joh 5:27 leer baie duidelik dat God aan die Seun die volmag gegee het om te oordeel, omdat Hy die Seun van die Mens is. In Mat 25:31 en verder lees ons van die komende skeiding tussen die skape en die bokke. Daar lees ons in vers 31: “Wanneer die Seun van die Mens in majesteit kom en al die engele saam met Hom, sal Hy op Sy koninklike troon gaan sit”, en dan beskryf die gedeelte in detail die skeiding tussen die skape en die bokke. 2 Kor 5:10 bevestig dit ook: “Ons moet immers almal voor die regterstoel van Christus verskyn, sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad”.

Dit is ook egter so dat gedeeltes soos Rom 14:10 leer dat ons almal voor die regterstoel van God sal moet verskyn. Wel, ons moet onthou Jesus is ook God – Hy is een van die drie Persone in die Godheid. Boonop, leer die Bybel baie duidelik dat Jesus niks doen wat die Vader nie aan Hom opgedra het om te doen nie, en Hy doen alles presies in lyn met die wil van die Vader. Al met al lyk dit vir my dat Jesus die Een is wat gaan oordeel, maar siende dat Hy ook God is, sou ons ook kon sê dit is God wat oordeel. Maar God oordeel juis deur Jesus, en Jesus oordeel juis in lyn met die wil van die Vader.

2. Die aarde en die hemel het voor Hom padgegee (vers 11)

Vers 11 leer verder dat met die tweede koms van Jesus, gee die hemel en die aarde pad voor Hom, en daar is nie meer plek vir hulle nie. Ons het ook al vantevore hiervan gelees: Dink maar aan die

uitgiet van die sewende bak in Op 16:20: Al die eilande het verdwyn, en berge was daar ook nie meer nie. Of aan die oopmaak van die sesde seël (Op 6:12-14): daar het ons gelees dat die son swart geword het, die maan het soos bloed geword, die sterre het op die aarde geval, die hemel self het verdwyn soos 'n boekrol wat opgerol word, en die berge en die eilande is uit hulle plekke geskud. Wat ons dus moet verstaan is dat die fisiese skepping van hemel en aarde soos wat ons dit vandag ken, gaan verdwyn. Hierdie stelling berei voor vir die stelling wat in Op 21:1 gemaak word, waar Johannes beskryf dat hy 'n nuwe hemel en aarde gesien het, en dat die eerste hemel en aarde verdwyn het.

Ons sal in ons oordenking van Op 21 meer aandag hieraan gee. Maar kom ons dink tog vir 'n oomblik wat hierdie verdwyning/vernuwing behels. Kom ons kyk na 'n paar ander Skrifgedeeltes:

- 2 Pet 3:10 – die hemel en die aarde verdwyn, en die hemelliggame brand en gaan tot niet
- Mat 19:28 – Hier leer ons dat wanneer Jesus op Sy troon sit, word alles nuut gemaak. Lees ook Hand 3:21
- Rom 8:21 – Hier lees ons dat die skepping bevry gaan word van verslawing aan verganklikheid, en gaan vry word om te pas by die heerlijkheid van die kinders van God

Die skepping gaan dus nuutgemaak word. Tans is die skepping verslaaf aan verganklikheid, a.g.v. die sondigheid van die mensdom. God het immers tydens die oordeel na die sondeval die skepping ook getref. Maar soos wat God se kinders nou heerlijk gemaak word, en omdat hulle voortaan op die nuwe hemel en die nuwe aarde gaan woon, daarom maak God die hemel en die aarde, dus die skepping, ook nuut, sodat dit kan pas by die heerlijkheid wat die kinders van God voortaan sal besit. Ons sal in meer detail hierna kyk in Op 21.

3. Wie is dit wat geoordeel word? (vers 12-13)

Kom ons dink nou oor wie dit is wat geoordeel gaan word op daardie dag: Vers 12 maak die stelling dat dit die dooies is wat geoordeel gaan word. Die vers onderstreep verder dat dit al die dooies is deurdat dit byvoeg "groot en klein". Vers 13 gaan nog verder deur aan te dui waar die dooies vandaan kom: hulle kom uit die see, die dood en die doderyk, en die vers bevestig ook weer dat hulle elkeen geoordeel gaan word. Dus: dit is al die dooies – groot en klein, dooies uit die see, uit die dood, en uit die doderyk, elkeen van hulle.

Die vraag is: wie is hierdie dooies? Ons het in vers 5-6 al gelees van die eerste opstanding en die tweede dood. Daar het ons geredeneer as daar 'n tweede dood is, moet daar tog ook seker 'n eerste dood wees. Op daardie stadium het ons gesê alle mense het iewers tydens hulle lewe op aarde deel aan die eerste dood, d.w.s. hulle het deel aan die fisiese dood. Maar ons het ook gesê dat slegs ongelowiges deel het aan die tweede dood – dis tog wat vers 15 ook duidelik maak. Die tweede dood is die ewige geestelike dood in die poel van vuur. Die vraag is nou van watter dooies praat verse 12-13: die wat deel het aan die eerste dood of die tweede dood. Wel, vers 15 maak dit duidelik dat dit eers met die oordeel is dat die tweede dood aan die ongelowiges gegee word. Vers 12-13 moet dus die eerste dood bedoel – d.w.s. die fisiese dood. Almal, gelowiges en ongelowiges, het egter deel aan die fisiese dood, die eerste dood. Dit moet dus beteken dat almal, gelowiges en ongelowiges voor die regterstoel moet verskyn. Dit is natuurlik in lyn met wat ons elders in die Skrif lees: Ons het reeds na Mat 25:31 ev verwys, waar Jesus leer dat die skape (gelowiges) en die bokke (ongelowiges) voor Hom gaan verskyn. In 2 Kor 5:10 sê Paulus dat "ons almal" voor Christus se regterstoel moet verskyn, en in Rom 14:10 dat "ons almal" voor God se regterstoel moet verskyn.

Maar hoekom voeg vers 13 juis by dat dit die dooies uit die see, die dood en die doderyk is? Kom ons dink eers oor "dood": Wel, uit bogenoemde is dit duidelik hoekom dit die dooies uit die dood is –

want alle mense, gelowiges en ongelowiges, het deel aan die eerste dood, dit is die fisiese dood. Hoekom “doderyk”? Wel, onthou wat gebeur met gelowiges wanneer hulle sterwe – hulle lewe in die hemel omdat hulle geestelik lewe tot met die einde van die 1000 jaar. Wat gebeur egter met ongelowiges wanneer hulle fisies sterwe? Hulle siele gaan na die doderyk. Daarom word daar ook nou na die doderyk verwys. Hoekom “see”? Wel, ons moet raaksien dat see twee betekenis het in Openbaring. Dit kan na die fisiese see verwys, soos in Op 7:1-3 waar die 4 engele eers vasgehou word en dan losgelaat word om die land en die see te tref. Of Op 8:8-9 waar die tweede trompet se blaas gepaardgaan met die see wat getref word. Maar “see” verwys ook na die bose magte. Dink maar aan die dier uit die see (die Antichris), of Op 15:2 waar ons lees van die spieëlglatte see voor God se troon met vuur daarin, of Op 17-18 waar die sedelose vrou by baie waters bly, en dat juis ook die seemanne agter haar onsedelikheid aanloop. Die “dooies uit die see” kan dus enersyds verwys na die wat fisies in die see gesterf het, maar ek persoonlik dink dit verwys eerder na al die goddeloses – juis gesien in die lig van Op 21:1 wat sê die see het nie meer bestaan nie. Al met al, alle mense gaan voor die troon verskyn.

4. Die boeke wat oopgemaak word (vers 12, 15)

One lees in vers 12 dat Johannes gesien het dat toe die dooies voor die troon gestaan het, is die boeke oopgemaak. En die einde van vers 12 vertel vir ons wat in daardie boeke geskrywe staan, naamlik dat dit die detail bevat van alles wat hierdie dooies gedoen het. Dit is dus ‘n opsomming van die doen en late van alle mense tydens hulle lewens hier op aarde. Verder strook dit met Mat 25, waarna ons alreeds vroeër verwys het, waar Jesus die skape en die bokke skei. In hierdie gedeelte verwys Jesus daarna dat wat Hy as maatstaf gaan gebruik om die onderskeid te maak, is deur te kyk na die optrede van skape en die bokke. Het hulle kos gegee vir die wat honger is, iets om te drink vir die wat dors is, huisvesting vir die vreemdelinge, klere vir die sonder klere, versorging vir die siekes, en besoeke aan die wat in die tronk is? Of dink maar weer aan 2 Kor 5:10 waar ons lees dat almal voor Christus se regterstoel moet verskyn “sodat elkeen kan ontvang volgens wat hy tydens sy aardse lewe gedoen het, of dit nou goed was of kwaad”. Onthou verder: Jesus het oë wat soos vuur vlam, waarmee Hy nie net weet wat elkeen gedoen het nie, maar boonop weet presies wat die motivering in die hart was toe dit gedoen is. Onthou ook ons het al herhaalde male gesien hoe die skares in die hemel Hom juis loof omdat Sy oordeel regverdig is. Hy gaan dus die daede en die motivering agter die daede van alle mense absoluut regverdig oordeel.

Maar daar is nog ‘n boek wat oopgemaak word: die boek van die lewe. Vers 15 beskryf die inhoud van hierdie boek: As iemand se naam in die boek van die lewe staan, is hy nie in die vuurpoel gegooi nie, en by implikasie is almal wie se name nie in die boek van die lewe staan nie, wel in die vuurpoel gegooi. Openbaring het ook al vantevore van hierdie boek gepraat: In Op 3:5 het Jesus aan die gemeente aan Sardis belowe dat elkeen wat die oorwinning behaal, sal wit klere dra, en dat Hy nooit so ‘n persoon se naam uit die boek van die lewe sal haal nie, trouens Hy het beloof dat Hy voor Sy Vader en die engele sal verklaar dat hierdie mense aan Hom behoort! Sien jy die inhoud van hierdie belofte van Jesus? Onthou, die name is reeds voor die skepping in die boek van die lewe geskryf (Op 17:8). Wat Jesus hier beloof, is dat as iemand se naam van voor die skepping in die boek van die lewe staan, sal Hy dit nooit uitvee nie – dit sal dus steeds daar staan met die oordeelsdag. Boonop, het Hy beloof Hy sal aan hierdie mense wit klere gee – onthou jy wat was die wit klere nou weer? Die regverdige daede van die gelowiges. Hoe het Jesus dit vir hulle gegee? Deurdat Hy die skuldbrief van hulle sondes aan die kruis gespyker het, en Hy geregtigheid vir hulle bewerk het, deurdat Hy die Heilige Gees gestuur het om hulle te wederbaar en op die pad van heiligmaking te lei – tot by onberispelikheid, en daarom tot hulle wit klere dra. En daarom kan Hy nou oor hulle daede oordeel –

deur Sy werk en die Heilige Gees se werk is die daad regverdig, en daarom word hulle nie in die vuurpoel gegooi nie, maar word deel van die nuwe skepping!

5. Die dood en die doderyk is in die vuurpoel gegooi (vers 14)

Volgens vers 14 is die dood en die doderyk ook in die vuurpoel gegooi. Onthou wie is reeds almal daar: die dier uit die see, die dier uit die aarde (Op 19:20), die duiwel (Op 20:10) en almal wie se name nie in die boek van die lewe staan nie (Op 20:15). En nou eindig die dood en die doderyk ook daar. Kom ons dink hieroor.

In Gen 2:16 het God beloof dat as Adam en Eva sou eet van die boom van kennis van goed en kwaad, sou hulle sterf. Hulle het geëet. En gevolglik het hulle ook gesterf – hulle het direk geestelik gesterf, en eventueel het hulle ook fisies gesterf. Saam met hulle het die ganse mensdom ook gesterf. Ons het reeds gesien alle mense, gelowiges en ongelowiges, het deel aan die eerste dood – hulle fisiese dood, hulle almal sterf een of ander tyd. Boonop is hulle almal sondig, en dus geestelik ook dood.

Maar toe kom Jesus. Met Sy eerste koms oorwin Hy die dood – beide die fisiese dood en die geestelike dood. Hy oorwin die fisiese dood deurdat Hy fisies uit die dood opstaan op die derde dag. Hy oorwin egter ook die geestelike dood: Enersyds deurdat Hy die duiwel, die vader van die leuen en sonde, oorwin het tydens die drie ure duisternis aan die kruis, toe Hy die Satan gebind het. Maar andersyds ook deurdat Hy geregtigheid bewerk het vir die wie se name in die boek van die lewe staan en sodoende neem Hy die skuldvas van hulle sondes weg. Boonop, het Hy die Vader gevra om Sy Heilige Gees te stuur om te maak dat hulle God se voorskrifte sal gehoorsaam (onthou die nuwe verbond in Eseg 36) – gevolglik het hierdie mense nou almal wit klere aan op daardie dag.

Alhoewel Jesus reeds met Sy eerste koms die dood, fisies en geestelik, oorwin het, realiseer dit gedurende die periode tussen Sy eerste en tweede koms. Die wie se name wel in die boek van die lewe staan, ontvang reeds in hierdie lewe, voor hulle fisies sterf, die geestelike lewe (Joh 5:24) – dit is die eerste opstanding, geestelike opstanding. Selfs wanneer hulle fisies sterwe, lewe hulle steeds – op trone in die hemel vir die res van die periode tot Jesus se tweede koms. Maar dit is met Sy tweede koms dat hulle fisies opstaan uit die dood – Joh 5:28-29. Van dan af het die dood geen effek meer op hulle nie – nie die fisiese dood nie, en ook nie die geestelike dood nie. Hulle lewe vir ewig, fisies en geestelik. Siende dat die duiwel, die verleier, ook in die vuurpoel is, en siende dat hulle gegroei het na onberispelikeid, is daar geen gevaar meer dat hulle ooit weer sal sterwe nie. Nie net is die engel van die dood uitgehaal nie, die dood is oorwin – lees 1 Kor 15:54-55! Dit is hoekom die dood nou in die vuurpoel gegooi kan word!

Maar kom ons dink ook oor die ongelowiges: Tydens hulle lewens hier op aarde tussen Jesus se eerste en tweede koms, bly hulle geestelik dood, want hulle kom nie tot geloof deur Jesus en die Heilige Gees se werk nie. Eventueel sterf hulle ook – hulle het ook deel aan die eerste dood. Nou is hulle fisies en geestelik dood. Tot met die wederkoms is hulle siele in die doderyk. Met Jesus se wederkoms het hulle egter deel aan die fisiese opstanding, die tweede opstanding – soos wat Joh 5:28-29 ons leer. Nou lewe hulle fisies, maar hulle is steeds geestelik dood. Gevolglik word hulle op daardie dag in die vuurpoel gegooi. Maar die duiwel en die diere uit die see en die aarde word ook dan in die vuurpoel gegooi. Ons moet dus die gevolgtrekking maak dat almal wat in die doderyk was, word in die vuurpoel gegooi. En dus kan Jesus nou selfs die doderyk in die vuurpoel gooi. Daardie oorwinning van Jesus met Sy eerste koms, bereik nou volheid met Sy tweede koms. Al sy vyande is in die vuurpoel, en die gevolg van hulle boosheid, die dood en die doderyk, is ook in die vuurpoel gegooi. Nooit ooit weer sal hulle enigsens 'n faktor wees nie!

6. Afsluiting:

Verstaan jy die implikasie van die feit dat die name van gelowiges in die boek van die lewe opgeteken was voor die skepping? Of soos Ef 1:4 dit beskryf: Nog voordat die wêreld geskep is, het Hy ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik voor Hom te wees. Verstaan jy die implikasie?

- Dit was deel van God se plan voor die skepping, en dus ook met die skepping, dat daar net sekere mense se name in die boek van die lewe sal staan.
- Met die skepping gee God opdragte aan die mensdom. Die ganse mensdom val egter in sonde – en sterf fisies en geestelik, selfs ook die mense wie se name in die boek van die lewe staan.
- Dit bring mee dat God belooft om redding te bring. Die redding is fisies en geestelik – maar net vir die wie se name in die boek van die lewe staan.
- Dan kom Jesus en die fisiese en geestelike oorwinning word behaal. Die duiwel word oorwin en gebind, die fisiese dood word oorwin, geregtigheid word bewerk – maar net vir die wie se name in die boek van die lewe staan.
- Dan kom die Heilige Gees. Hy werk geestelike lewe, die eerste opstanding. Hy werk ook onberispelikheid – maar net in die wie se name in die boek van die lewe staan.
- Jesus besoek die gemeentes en belooft Hy sal nooit name uit die boek van die lewe vee nie.
- Wanneer hierdie mense sterwe, eindig hulle siele in die hemel, en ontvang hulle wit kleres – net die mense wie se name in die boek van die lewe staan. Hulle pleit dat Die Lam moet oordeel.
- Dan kom Jesus se tweede koms. Hy kom om te oordeel. Almal staan fisies op. Almal staan voor die regterstoel. En die boeke word oopgemaak – die boeke met die detail van almal se doen en late. Maar daar is nog 'n boek wat oopgemaak word – die boek van die lewe! En Jesus verklaar voor die Vader en die engele hierdie mense behoort aan Hom. Die duiwel en sy engele, al die ander mense, selfs die dood en die doderyk word in die vuurpoel gegooi.
- Hierdie mense besing God en die Lam – vir hulle redding, vir ewig – want hulle name was in die boek van die lewe opgeskryf sedert voor die skepping!